

---

**GOVERNMENT NOTICES • GOEWERMENTSKENNISGEWINGS**

---

**DEPARTMENT OF TRANSPORT**


NO. 4057

10 November 2023

**CIVIL AVIATION ACT, 2009 (ACT NO. 13 of 2009)****TWENTY-EIGHTH AMENDMENT OF THE CIVIL AVIATION REGULATIONS, 2023***(The English Text is the official text of the Regulations)*

---

I, Sindisiwe Chikunga, Minister of Transport, hereby, in terms of section 155(1) of the Civil Aviation Act, 2009 (Act No. 13 of 2009), make the Regulations set out in the Schedule hereunder.

**Ms Sindisiwe Chikunga, MP****Minister of Transport****Date:** 2023/10/20

## SCHEDULE

### CIVIL AVIATION ACT, 2009 (ACT NO. 13 OF 2009)

#### TWENTY-EIGHTH AMENDMENT OF THE CIVIL AVIATION REGULATIONS, 2023

#### GENERAL EXPLANATORY NOTE:

[        ] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing regulations.

\_\_\_\_\_ Words underlined with a solid line indicate insertions in existing regulations.

#### Interpretation

In this Schedule “the Regulations” means the Civil Aviation Regulations, 2011 published by Government Notice No. R. 425 dated 1 June 2012, as amended.

#### Amendment of Part 1 of the Regulations

1. Regulation 1.01.1 of the regulations is hereby amended by:

(a) the insertion after the definition of “release to service” of the following definition:

“‘relief flight’ means a flight operated for humanitarian purposes, which carries relief personnel or relief supplies such as food, clothing, shelter, medical and other items during or after an emergency or disaster, or is used to evacuate persons and animals from a place where their life or health is threatened by such emergency or disaster, to a safe haven in the same State or another State willing to receive such persons or animals;”

## Amendment of Part 91 of the Regulations

2. Part 91 of the regulations is hereby amended by:

(a) the substitution in the list of regulations for Subpart 5 of the following Subpart:

### **“SUBPART 5: COMMUNICATION AND NAVIGATION**

91.05.1 Communication and surveillance equipment

91.05.2 Navigation equipment

91.05.3 Use of global navigation satellite system

91.05.4 Operational criteria for use of RNAV/BARO VNAV systems

91.05.5 ADS-B.”;

(b) the insertion after regulation 91.05.4 of the following regulation:

### **“ADS-B**

**91.05.5** Aircraft transponder requirements for ADS-B 1090 MHz and Mode S Extended Squitter are prescribed in Document SA CATS 91.”;

(c) the substitution for regulation 91.07.3 of the following regulation:

**“91.07.3 (1) A pilot of an aeroplane shall not use, nor an owner or operator authorise the use of an aerodrome as a destination or destination alternate aerodrome, unless such aerodrome is—**

(a) determined to be adequate for the type of aeroplane operation concerned; and

(b) licensed, approved or registered in terms of Part 139; or

(c) excluded from the requirements of Part 139.

(2) Except in an emergency, [ an aircraft] a pilot of an aeroplane shall not take-off or land by night, unless a place of take-off or landing is equipped with night flying facilities.”;

- (d) the substitution for regulation 91.07.26 of the following regulation:

**“Approach ban**

**91.07.26** (1) A pilot may commence an instrument approach regardless of a reported RVR or visibility but may not continue with an approach below 1000 ft above an aerodrome elevation if a relevant RVR or visibility for that runway is, at the time, less than a specified minimum for landing.

(2) If, after passing 1000 ft above an aerodrome elevation in accordance with subregulation (1), a reported RVR or visibility falls below the applicable minimum, a pilot may continue with an approach to DA/H or MDA/H.

(3) A pilot may continue with an approach below DA/H or MDA/H and complete a landing, provided that the required visual reference is established at a DA/H or MDA/H and is maintained.”.

**Amendment of Part 139 of the Regulations**

3. Part 139 of the regulations is hereby amended by:

- (a) the insertion in the list of regulations after Subpart 4 of the following Subpart:

**“SUBPART 5: APPROVED AERODROMES**

139.05.1 Applicability

139.05.2 Requirements for approved aerodrome

139.05.3 Issuance of aerodrome approval

139.05.4 Types of aerodromes

139.05.5 Non-transferability.”:

- (b) the insertion after Subpart 4 of the following Subpart:

**“SUBPART 5: APPROVED AERODROMES**

**Applicability.**

**139.05.1** (1) This Subpart applies to—

- (a) an aerodrome that is not required to comply with the requirements of Subpart 2 of this Part; and
- (b) an aerodrome that is not licensed but approved by the Authority.

*Note: An aerodrome to which this Subpart applies shall not be required to be licensed. A person operating such aerodrome may at his or her discretion choose to apply to license such aerodrome.*

**Requirements for approved aerodrome**

**139.05.2** (1) An application in terms of this Subpart shall be submitted for the Director's approval in the prescribed form and shall be accompanied by-

- (a) a risk assessment report;
- (b) standard operating procedures; and
- (c) payment of appropriate fee as prescribed in Part 187.

**Issuance of aerodrome approval**

**139.05.3**(1) An aerodrome approval in terms of this Subpart shall be issued if the Director is satisfied that -

- (a) an applicant meets the requirements in terms of this Subpart; and
- (b) an approval shall not compromise the interest of aviation safety.

(2) An aerodrome approval issued by the Director shall be valid for a period of 12 months calculated from the date of issue unless-

(a) surrendered by a holder;

(b) suspended by an authorised officer or authorised person; or

(c) cancelled by the Director.

(3) A holder of an aerodrome approval may, at least 60 days preceding the date on which such approval expires, apply for renewal and pay a renewal fee as prescribed in Part 187.

(4) A renewal of an aerodrome approval shall be subject to a holder of an aerodrome approval complying with the requirements of this Subpart.

### **Types of aerodromes**

**139.05.4 (1) The types of approved aerodromes are—**

(a) Type A – an aerodrome where a non-scheduled passenger operation takes place and where a number of aircraft movements are less than 1000 in the busiest consecutive three months;

(b) Type B – an aerodrome where Part 61 training takes place, excluding any training for gliders and balloons; and

(c) Type C – an aerodrome that is in the proximity of existing facilities or another aerodrome, where operations may conflict with or create a hazard to operations.

### **“Non-transferability**

**139.05.5 (1) An aerodrome approval is not transferable.”.**

## **Amendment of Part 145 of the Regulations**

4. Part 145 of the regulations is hereby amended by:

(a) the deletion in regulation 145.01.1 for subregulation (2);

(b) the insertion in the list of regulations after Subpart 2 of the following Subpart:

**SUBPART 3: APPROVAL OF FOREIGN AMO**

145.03.1 Applicability

145.03.2 Issuance of approval

145.03.3 Requirements for approval

145.03.4 Safety inspections and audits."

- (c) the insertion after Subpart 2 of the following Subpart:

**"SUBPART 3 APPROVAL OF FOREIGN AMO****Applicability**

145.03.1 This Subpart is applicable in respect of a foreign AMO.

**Issuance of approval**

145.03.2 (1) A foreign AMO located outside the Republic may be issued with an approval—

(a) at the discretion of the Director;

(b) if a foreign AMO complies with the provisions of this Part and the relevant provisions of Part 140;

(c) if an agreement exists between the Authority and a relevant authority of a State where a foreign AMO is located; or

(d) if a foreign AMO seeking approval from the Director, undertakes to pay for an approval and oversight costs charged by the Authority.

**Safety inspections and audits**

145.03.3 A holder of an AMO approval issued by a foreign authority, where no agreement exists between the Authority and such foreign authority,

shall be liable to pay for safety inspection and auditing costs charged by the Authority to determine compliance as contemplated in regulation 145.01.2.”.

**Short Title and Commencement**

These Regulations are called the Twenty-Eight Amendment of Civil Aviation Regulations, 2023 and comes into operation on a date of publication in the Gazette.



## DEPARTEMENT VAN VERVOER

NO. 4057


10 November 2023

## BURGERLUGVAARTWET, 2009 (WET NR. 13 van 2009)

AGT-EN-TWINTIGSTE WYSIGING VAN DIE BURGERLUGVAARTREGULASIES,  
2023

*(Die Engelse teks is die amptelike teks van die Regulasies)*

Ek, Sindiswe Chikunga, Minister van Vervoer, maak hiermee, kragtens artikel 155(1) van die Burgerlugvaartwet, 2009, (Wet Nr. 13 van 2009), die Regulasies wat in die Skedule hier onder uiteengesit word.



Me Sindiswe Chikunga, LP

Minister van Vervoer

Datum: 2023/10/20 .

**BYLAE****BURGERLUGVAARTWET, 2009 (WET NR. 13 VAN 2009)****AGT-EN-TWINTIGSTE WYSIGING VAN DIE BURGERLUGVAARTREGULASIES,  
2023****ALGEMENE VERKLARENDE NOTA:**

[       ] Woorde in vetdruk tussen vierkantige hakies dui skappings uit bestaande regulasies aan.

\_\_\_\_\_ Woorde onderstreep met 'n soliede streep dui invoegings in bestaande regulasies aan.

**Interpretasie**

In hierdie Bylae beteken “die Regulasies” die Burgerlugvaartregulasies, 2011, gepubliseer deur Goewermentskennisgewing No. R. 781, gedateer 28 September 2012, soos gewysig.

**Wysiging van Deel 1 van die Regulasies**

1. Regulasie 1.01.1 van die regulasies word hiermee gewysig deur:
  - (a) die invoeging ná die definisie van “vrystelling tot diens” van die volgende definisie:

“noodlenigingsvlug” beteken ’n vlug wat bedryf word om humanitêre redes, wat noodlenigingspersoneel of noodlenigingsvoorraad soos voedsel, klere, skuiling, mediese en ander items gedurende of ná ’n noodgeval of ramp vervoer, of wat gebruik word om mense en diere te ontruim uit ’n plek waar hulle lewe of gesondheid deur die noodgeval of ramp bedreig word, na ’n veilige

toevlug in dieselfde staat of 'n ander staat wat bereid is om sodanige persone of diere te aanvaar;";

## **Wysiging van Deel 91 van die Regulasies**

2. Deel 91 van die regulasies word hiermee gewysig deur:

(a) die vervanging in die lys regulasies vir Subdeel 5 met die volgende Subdeel:

### **"SUBDEEL 5: KOMMUNIKASIE EN NAVIGASIE**

- 91.05.1 Kommunikasie- en waarnemingstoerusting
- 91.05.2 Navigasietoerusting
- 91.05.3 Gebruik van globale navigatiesatellietstelsel
- 91.05.4 Operasionele kriteria vir gebruik van RNAV/BARO VNAV-stelsels
- 91.05.5 ADS-B.";

(b) die invoeging ná regulasie 91.05.4 van die volgende regulasie:

### **"ADS-B**

**91.05.5** Lugvaartuigtranspondeerdervereistes vir ADS-B 1090 MHz en Mode S Extended Squitter word voorgeskryf in Dokument SA CATS 91."

(c) die vervanging van regulasie 91.07.3 met die volgende regulasie:

**"91.07.3** (1) 'n Vlieënier van 'n vliegtuig mag nie 'n vliegveld as 'n bestemming of 'n alternatiewe bestemmingvliegveld gebruik, en 'n eienaar of operateur mag nie daarvoor magtiging gee nie, tensy sodanige vliegveld—

(a) as voldoende geag word vir die betrokke soort vliegtuigbedrywigheid; en

(b) gelisensieerd, goedgekeur of geregistreer is ingevolge Deel 139; of

(c) uitgesluit is van die vereistes van Deel 139.

(2) Behalwe in 'n noodgeval mag [**'n lugvaartuig**] 'n vlieënier van 'n vliegtuig nie in die nag opstyg of land nie, tensy 'n opstyg- of landingsplek toegerus is met nagvliegfasiliteite.”;

(c) die vervanging van regulasie 91.07.26 met die volgende regulasie:

**“Naderingsverbod**

**91.07.26** (1) 'n Vlieënier mag met 'n instrumentnadering begin ongeag 'n aangemelde RVR of sigbaarheid maar mag nie 'n benadering onder 1 000 vt. bo 'n vliegveldhoogte voortsit as 'n relevante RVR of sigbaarheid vir daardie aanloopbaan, op daardie tyd, minder as 'n gespesifiseerde minimum vir landing is nie.

(2) As 'n aangemelde RVR of sigbaarheid, ná 1 000 vt. bo 'n vliegveldhoogte oorskry is in ooreenstemming met subregulasie (1), tot onder die toepaslike minimum val, mag 'n vlieënier voortgaan met die benadering tot DA/H of MDA/H.

(3) 'n Vlieënier mag voortgaan met 'n benadering onder DA/H of MDA/H en 'n landing voltooi, mits die vereiste visuele verwysing vasgestel is by 'n DA/H of MDA/H en gehandhaaf word.”.

**Wysiging van Deel 139 van die Regulasies**

3. Deel 139 van die regulasies word hiermee gewysig deur:

(a) die invoeging in die lys regulasies ná Subdeel 4 met die volgende Subdeel:

**“SUBDEEL 5: GOEDGEKEURDE VLEGVELDE**

139.05.1 Toepaslikheid

139.05.2 Vereistes vir goedgekeurde vliegveld

139.05.3 Uitreiking van goedkeuring van vliegveld

139.05.4 Tipes vliegveld

139.05.5 Nie-oordraagbaarheid.”;

- (b) die vervanging ná Subdeel 4 van die volgende Subdeel:

**“SUBDEEL 5: GOEDGEKEURDE VLEGVELDE**

**Toepaslikheid.**

**139.05.1 (1) Hierdie Subdeel is van toepassing op—**

- (a) ’n vliegveld waarvan nie vereis word dat dit die vereistes van Subdeel 2 van hierdie Deel nakom nie; en
- (b) ’n vliegveld wat nie gelisensieer is nie maar deur die Owerheid goedgekeur is.

Let wel: Daar sal nie van ’n vliegveld waarop hierdie Subdeel van toepassing is, vereis word om gelisensieer te wees nie. ’n Persoon wat sodanige vliegveld bedryf, mag na sy of haar goeddunke kies om sodanige vliegveld te lisensieer.

**Vereistes vir goedgekeurde vliegveld**

**139.05.2 (1) ’n Aansoek ingevolge hierdie Subdeel moet in die voorgeskrewe vorm ingedien word vir die Direkteur se goedkeuring en moet vergesel word van—**

- (a) ’n risiko-assesseringsverslag;
- (b) standaardwerksprosedures; en
- (c) betaling van gepaste gelde soos voorgeskryf in Deel 187.

**Uitreiking van goedkeuring van vliegveld**

**139.05.3(1) 'n Goedkeuring vir 'n vliegveld ingevolge hierdie Subdeel sal uitgereik word as die Direkteur tevrede is dat—**

(a) 'n aansoeker aan die vereistes ingevolge hierdie Subdeel voldoen;  
en

(b) 'n goedkeuring nie die belange van lugvaartveiligheid in gevaar sal stel nie.

**(2) 'n Goedkeuring vir 'n vliegveld wat deur die Direkteur uitgereik word, sal 12 maande lank geldig wees, bereken van die uitreikingsdatum tensy—**

(a) dit deur 'n houer prysgegee word;

(b) dit deur 'n gemagtigde beampte of gemagtigde persoon opgeskort word; of

(c) dit deur die Direkteur gekanselleer word.

**(3) 'n Houer van 'n goedkeuring vir 'n vliegveld mag, ten minste 60 dae voor die datum waarop sodanige goedkeuring verval, om hernuwing aansoek doen en 'n hernuwingsfooi soos in Deel 187 voorgeskryf, betaal.**

**(4) 'n Hernuwing van 'n goedkeuring vir 'n vliegveld sal onderhewig daaraan wees dat 'n houer van 'n goedkeuring vir 'n vliegveld die vereistes van hierdie Subdeel nakom.**

**Tipes vliegveld**

**139.05.4 (1) Die tipes goedgekeurde vliegvelde is—**

(a) Tipe A – 'n vliegveld waar 'n niegeskeduleerde passasiersbedrywigheid plaasvind en waar die getal lugvaartuigbewegings minder as 1 000 is in die besigste opeenvolgende drie maande;

(b) Tipe B – 'n vliegveld waar Deel 61-opleiding plaasvind, enige opleiding vir sweeftuie en ballonne uitgesluit; en

(c) Tipe C – 'n vliegveld wat in die nabyheid van bestaande fasiliteite of 'n ander vliegveld is, waar bedrywighede kan bots met of 'n gevaar vir operateurs kan skep.

### **“Nie-oordraagbaarheid**

**139.05.5 (1) 'n Goedkeuring vir 'n vliegveld is nie oordraagbaar nie.”:**

### **Wysiging van Deel 145 van die Regulasies**

4. Deel 145 van die regulasies word hiermee gewysig deur:
- (a) die skrapping in regulasie 145.01.1 vir subregulasie (2);
  - (b) die invoeging in die lys regulasies ná Subdeel 2 van die volgende Subdeel:

### **“SUBDEEL 3: GOEDKEURING VAN BUITELANDSE AMO**

145.03.1 Toepaslikheid

145.03.2 Uitreiking van goedkeuring

145.03.3 Vereistes vir goedkeuring

145.03.4 Veiligheidsinspeksies en -oudits.”

- (c) die invoeging ná Subdeel 2 van die volgende Subdeel:

### **“SUBDEEL 3 GOEDKEURING VAN BUITELANDSE AMO**

#### **Toepaslikheid**

**145.03.1** Hierdie Subdeel is van toepassing ten opsigte van 'n buitelandse AMO.

#### **Uitreiking van goedkeuring**

**145.03.2** (1) 'n Buitelandse AMO wat buite die Republiek geleë is, kan met 'n goedkeuring uitgereik word—

- (a) na goeddunke van die Direkteur;
- (b) as 'n buitelandse AMO aan die bepalings van hierdie Deel en die toepaslike bepalings van Deel 140 voldoen;
- (c) as 'n ooreenkoms bestaan tussen die Owerheid en toepaslike owerheid van 'n staat waar 'n buitelandse AMO geleë is; of
- (d) as 'n buitelandse AMO goedkeuring van die Direkteur seek, instem om goedkeurings- en toesigkoste soos deur die Owerheid gehef, te betaal.

#### **Veiligheidsinspeksies en -oudits**

**145.03.3** 'n Houer van 'n AMO-goedkeuring wat deur 'n buitelandse owerheid uitgereik is, waar geen ooreenkoms tussen die Owerheid en sodanige buitelandse owerheid bestaan nie, sal aanspreeklik wees om vir veiligheidsinspeksie- en -auditkoste te betaal wat deur die Owerheid gehef word om nakoming vas te stel soos beoog in regulasie 145.01.2.”.

#### **5. “Kort Title en inwerkingtreding**

Hierdie regulasies word genoeme die Agt-en-Twintigste wysings van die Burgerlike Lugvaart Regulasies, 2023 en tree in werking op die datum van publikasie in die Staatkoerant.”.